WEEK 13 - HERHALINGS VAN BERIGTE/INLIGTING IN 'N VORIGE VRYPOS

1. ALGEMEEN:

'N SPESIALE LIED VIR REFORMASIE 500: Die 500-jarige herdenking van die begin van die Reformasie, het die hele Protestantse kerk in rep en roer! Daar is egter nie baie bestaande liedere wat dit vir gemeentes moontlik maak om oor dié groot geleentheid te sing nie. Juis daarom het **VONKK** (Voortgesette Ontwikkeling van Nuwe Klassieke Kerkmusiek), spesiaal 'n **lied geskep wat die tradisionele vyf sola's van die Reformasie in een lied, VONKK 341, bymekaar bring**. Op die bekende en gewilde melodie van **Martin Luther** se, 'n ***Vaste burg is onse God***, word die *Sola Scriptura, Sola Gratia, Sola Fide, Solus Christus en Soli Deo Gloria*, vars in die mond van gemeentes geplaas. Die VONKK-werksgroep wil 'n gratis geleentheid aan alle gemeentes bied om hierdie aangrypende lied tydens die feesjaar te kan sing. Klik **hier** om die volgende leêrs van VONKK 341 gratis te kan aflaai:

- die **melodielyn** (ML) met akkoorde
- die **orrelbegeleiding** (OB)
- ***kantory*/koorverwerkings** (KV) van die lied
- **musikale en instrumentale verrykings** (MV) by die lied
- die ***Power Point*** (PPT);
- asook die **pragtige Engelse vertaling** (TK) van die teks

Vir die VONKK-werksgroep is dit belangrik dat daar voortdurend steeds gewerk word aan nuwe kerkliedere, ook in meer tradisionele styl. Ons glo in 'n God wat nooit finaal en volledig onder woorde (of note) gebring kan word nie. Juis daarom moet daar konstant gewerk word aan liedere in verskillende style wat lidmate hulle geloof opnuut op hulle lippe sal laat neem. Dit is die doelstelling van VONKK.

Gemeentes wat nog nie met 'n VONKK-lisensie ingeteken is nie, kan bloot *Christian Copyright Licensing International* (CCLI) se kantore by 021 914 8908 kontak en aansoek doen vir 'n VONKK-lisensie. Die koste per gemeente beloop slegs R350 per jaar. Daardie registrasie gee gemeentes dan op VONKK se webwerf by **www.vonkk.co.za** toegang tot byna 400 liedere se bladmusiek en tekste, asook *Power Points*, musikale verrykings met instrumentale verwerkings van liedere en ook *kantory*-verwerkings vir kore en sanggroepe.

VONKK-lisensiehouers kan egter ook, indien hulle dit sou verkies, 'n datastokkie met al die VONKK-musie en *Power Points* daarop by Bybel-Media Handel teen R270 bestel. Klik **hier** om die bestelvorm af te laai en stuur dit aan **ilse@bmedia.co.za** Vir meer inligting en bestellings, kontak gerus vir Bybel-Media Handel by 0860 26 33 42 of **bestel@bmedia.co.za** – besoek ook die webblad by **bybelmedia.org.za**

Ds Jacques Louw
Voorsitter van VONKK
jacques.louw@absamail.co.za

GEMEENTES, IS JULLE MOEDELOOS MET VOëLS EN VLERMUISE IN EN OM JUL KERKGEBOUE? Voëls, vernaam duiwe, asook vlêrmuise kan 'n groot gemors in en rondom kerkgeboue veroorsaak. Behalwe vir die luise wat hulle dra, bevat hul mis baie sure wat tot groot skade kan lei. ***Eagle Eye Bird Control***, kan hierdie probleem oplos, hulle bied 'n eko-vriendelike oplossing aan om weer die voëls te hervestig. Daarmee saam, kan hulle ook die bemorste area, of kerkgebou skoonmaak en was. Vir meer inligting kontak vir Chris Pelser op 079 044 1933, of stuur 'n e-pos na **pelserjc@eagleeye.co.za**, of besoek ook hul webblad by **www.eagleeye.co.za**

2. GEBEURE BY GEMEENTES:

NG FRANKFORT: Die gemeente bied die bekende *Potato Pride-Wilge* Marathon op **29 April 2017** aan. Hierdie is 'n kwalifiserende wedloop vir die *Comrades* Marathon – sien al die inligting op die volgende bladsy:

NG RIETFONTEIN VIER FEES!: Hierdie gemeente dink vanjaar terug aan 'n honderd jaar van Christus in aksie in en deur die gemeente. Alhoewel die geboorte van hierdie tweede gemeente in Winburg uiters pynlik was, het die Here in sy onbegryplike genade, hulle reeds vir 'n eeu lank gedra en gebruik, dáár waar hulle sy kerk probeer wees. Die **gemeente se verjaarsdagdatum is 31 Mei** en die **partytjie vind op Saterdag 3 Junie 2017** plaas, wanneer hulle die **oggend met 'n Dankfees** vier met allerlei heerlike eet- en drinkgoed, onder andere hulle beroemde pannekoek en sosaties. Die **Saterdagaand** word daar 'n **konsert in die kerksaal** aangebied. **Pinkstersondag 4 Junie, is dit 'n feesdiens** met nagmaal, koorsang en trompetgeskal. Alle belangstellendes word uitgenooi om saam met dié gemeente te kom fees vier. Oud-lidmate kan vir Bertus Celliers kontak by 082 784 9735, of vir Rika by 051 881 0322 (k/u Ma-Wo- en Vrydagoggende). *As iemand iewers foto's van die NG Rietfontein beskikbaar het, laat weet hulle ook asseblief.*

3. ANDER GEBEURE:

ESPERANZA JEUGSORGSENTRUM KOFFIE-SHOP: Hierdie sentrum, geleë te Scrivenlaan, Bainsvlei (GPS 29,0044 / 26,0646), bied op **Sondag 7 Mei 2017 vanaf 12:00 – 15:00** weer 'n heerlike kuiergeleentheid aan. Daar sal kerrie & rys @ R30pp, hotdogs @ R20pp en tee/koffie @ R10pp beskikbaar wees – **bestel asseblief u keuse vooraf** by Tracy, 083 696 2054. Indien jy eerder lus voel vir 'n lekker soetdingetjie, kan die volgende items ook vooraf bestel word:

- Cremoratert @ R20
- Melktert @ R20
- Pepperminttert @ R20
- Koeldranke @ R10 per glas (Coke, Coke light, Fanta, Sprite, Sprite zero)
- Daar is ook 'n snoepie beskikbaar

Die volgende items kan weekliks bestel word (bestel op 'n Woensdag vir Vrydag – word vars gebak):

- Cup cakes
- Klein melktertjies
- Klein cremoratertjies
- Koeksisters

SIMPOSIUM OOR NAVORSING IN GELOOFSONTWIKKELING EN JEUGBEDIENING – UITNODIGING: Prof Malan Nel stuur die volgende inligting aan: *As you may know well, the International Association for the Study of Youth Ministry meets every second year. It has also become custom that we in South Africa have a Southern African meeting concerning youth ministry in the same year as the International meeting. Such a meeting is being planned for this year again* ***from 12 to 13 September 2017 at the University of Pretoria****.* Die inligting is in Engels aangesien die uitnodiging ook tot ander Afrika-lande gerig word. Klik **hier** vir al die besonderhede **– indien jy sou belangstel om dit by te woon, voltooi asseblief die inligting by punt 7 op die inligtingsdokument en stuur dit terug aan prof Nel.**